Daar is verskeidenheid van allerlei besienwaardighede en "uithang plekke" in Grootbrak Rivier, soos byvoorbeeld 'n Belgiese Sjokolaterie, Die Ou Patorie, Skoenfabriek, Museum, Oester Proe-lokaal en nog vele meer wat besoek kan word...

Donderdag aand het Jackie sagopoeding vir almal gemaak. Vrydag het Marie en Alda weer pannekoek vir almal gebak en Saterdagand, na die braai het Danie, as "Nagereg", Kaluha en Roomys uitgehaal en Dom Pedros gemaak. Sondagoggend was die weer heelwat beter, maar dis mos hoe dit werk....as die vakansie verby is, dan raak die weer die lekkerste!



**OYSTER
WORLD**
Restaurant
City Station Rd & Charles St
GREAT BRAK RIVER
FULLY LICENSED BAR
071 254 4446



MCSA Magazine 4th Edition 2022


ATKV HARTENBOS (15 - 18 SEPTEMBER 2022) AGM

Vir die Algemene Jaarvergadering (AGM) is daar besluit om by die Afrikaanse Taal en Kultuur Vereniging (ATKV) se kampeerterrein te Hartenbos te gaan "Rally". Dië kampeerterrein is aan die oostekant van Hartenbos teen die see geleë. Hartenbos is 'n voorstad van Mosselbaai.



Woensdag, 14 September het alreeds 5 Motor Homers hul opwagting in Hartenbos gemaak. Teen Donderdag namiddag was daar altesame 15 RV's saamgetrek in blok E. Spoedig was die Gazebo's opgeslaan vir lekker kuierplek en as vergaderplek vir die "AGM".

Die voormalige sekretaris van die MCSA (Nowell & Marcia Griffen) het op Donderdag kom inloer. Dit was toevallig ook Albert se verjaardag. Die voggies het heeldag gevloei en daar is lekker partytjie gehou.




MCSA Magazine 4th Edition 2022

Vrydag was die weer darem redelik goed sodat buitespeletjies moontlik was. Daar is Boule gespeel, en soos altyd is die reëls bietjie herbesin, herbevestig en gerealiseer, tot groot vermaak van almal.

Vrydag was Albert en Jackie se 70ste huweliks herdenking en hulle het die groep verlaat om die aand te gaan uiteet, terwyl die res van die groep die braaivleis vure hoog laat brand en lekker gekuier het.

Saterdag, die Groot Dag van die Algemene Jaarvergadering. Alles is gereël en daar was spesiale planne vir 'n lekker ontbyt. Almal het hand bygesit om te help met die voorbereiding.





Direk na ete het Albert sy groep bymekaar gekry vir die jaarlikse AGV.

Tydens die vergadering het hy sy jaarverslag voorgelê. Die finansiële state is voorgelê en goedgekeur.

Daarna is 'n nuwe Komitee gekies. Albert het na 13 jaar se intensiewe leierskap die tuig neergelê. Ons bedank hom vir sy onbaatsugtige leiding al die jare.

Ons verwelkom Lampies as nuwe Voorster van die Tuinroete Streek en wens hom sterkte en leiding van BO toe.




Die nuwe Tuinroete komitee is:

"Lampies" Lamprecht - Voorster

Albert Teron - Ondervoorster

Jackie - Sekrtaresse



De Klerk - Finansies



DWARSWEGSTRANDOORD (13 - 16 OCTOBER 2022)

Dwarswegstrandoord is geleë sowat 15km buite Groot Brak Rivier op die pad na George. 'n Gewilde kampeerterrein wat gereeld besoek word deur die Tuinroete Homers.

Donderdag, 13 Oktober, het 12 RV's by Dwarswegstrandoord ingetrek. Daar is hartlik gegroet. Elkeen is 'n staanplek toegeken en toe is die kamp soos normaalweg ingerig. Die "Dome Tent" is met etlike ondersteuning spoedig opgerig en het die groep lekker gesellig begin kuier. Daar is gebraai en almal kon lekker smul.



Vrydag is die kundiges (en onkundiges!) na Alda se Motorhome geroep om koppe bymekaar en hand by te sit, want daardie Fiamma Awning het die gees gegee. Onder die leiding van Danie is die probleem uitgesorteer en kon Alda weer rustiger verkeer!!




Dit was 'n besondere voorreg om saam met Gloria en Naas Rabie, **HULLE 69STE HUWELUKS HERDENKING** te vier. Dis 'n besondere mylpaal wat min paartjies bereik en groot rede om trots op te wees. Ons wens hul voorspoed, gesondheid en nog vele jare se samesein toe.

Alhoewel die weer sleg was vir die grootste deel van die naweek, is daar gesellig (onderdak) gebrui en gekuier. En toe die Dom Pedro's kom het sommige 'n bietjie diep in die Pot gekyk!!



Sondag is daar na die godsdienst opgepak en gegroet tot 'n volgende keer.




HOGSBACK TOER - OOS-KAAP (24 OCTOBER - 2 NOVEMBER 2022)

Ons probeer jaarliks een of twee lang toere vir die Tuinroete Streek reël. Hierdie keer is ons na Hogsback in die Oos-Kaap. Die toer het oor 8 tot 10 dae gestrek.

Op 24 Oktober is 7 RV's vanaf George weg na Van Stadens Vakansieoord in die Oos-Kaap. Dië Oord is geleë sowat 40 km Wes van Gqeberha (Port Elizabeth). Die 8ste Rv sluit Dinsdag by die groep aan.



Na twee lieflike dae by die Van Stadens Oord pak ons die pad na Hogsback via Grahamstown (Makhanda) en Peddie na Hogsback se Swallowtail Karavaanpark aan. Op plekke, was die paaie baie sleg, maar ons bereik tog die Swallow Tail Kampeer terrein veilig.




Swallow Tail Karavaanpark is pragtig geleë, maar die staanplekke is baie ongelyk. Dit was werklik baie uitdagend om voertuie min of meer paralel staan te maak!


Gelukkig het ons die gebruik van hulle lapa gehad en daar was pot gemaak, gebraai en heerlik gekuier. Gedurende die 3 dae daar, besoek ons die oop tuine en eet een oggend saam uit.

Die tuine was ongelooflik mooi en dit was beslis die moeite werd om te besoek.

Saterdag vertrek al 8 RV's na Yellowsands, waar ons 2 nagte oorslaap. Die area (C Blok) van die park, waar ons gestaan het, is baie goed versorg en die ablusies is baie goed en netjies. Ander dele van die park het plek-plek aandag nodig


Hier het ons weer saam hoenderpot gemaak, hierdie keer as middagete.





Hierna reis ons na Cannon Rocks. Almal voel dat hierdie park, met sy onderdak lapa, swembad en goeie, skoon ablusies, regtig die moeite werd is, om te besoek.

Uiteindelik na al die heerlike saamkuier, sluit ons die toer af met saameet in Stormsrivier dorpie en keer op Woensdag 2 November veilig huis toe.



MCSA Magazine 4th Edition 2022

Discoverer

sales | design | accessories



Discoverer XTREME 4x4



DISCOVERER JOURNEY 4x4

Discoverer 4 | Discoverer 6 | Discoverer iD* | Discoverer Deluxe* | Discoverer Xtreme 4x4 | Discoverer Journey


* standard with front swivel seats and large island bed
All models available with automatic gearboxes (except Discoverer Journey)



T: 021 5773863
E: info@motorhome-world.com
W: www.motorhome-world.com

Discoverer

We Don't Do Motorhomes, We Are Motorhomes



MCSA Magazine 4th Edition 2022

EASTERN CAPE REGION

PINE LODGE (23 - 25 SEPTEMBER 2022)

Ons was 18 motorhomes wat die AGM rally bygewoon het in September 2022 by Pine Lodge. Dit was weereens 'n reënerige naweek gewees. Vrydagaand het die weer bietjie opgeklaar dat ons kon braai, ons verwelkom ook ons nuwe lede: Peet en Adele Strydom. Saterdagoggend het ons "koek en tee" gehad wat omtrent heeldag aangehou het as jy na die hoeveelheid eetgoed kyk.

Die volgende lede is aangestel as die nuwe komitee vir 2023:

Voorsitter: Pieter Didloff

Vise-Voorsitter: Wendy Reeves

Sekretaresse: Riana Didloff

Tesourier: Willem Knoesen

Addisionele Komitee lede: Callie Bosch en Mike Barrett


Ouditeur: Annet Ferreira



Peet en Adele Strydom ontvang hul naamplaatjies van Pieter Didloff.



Andre van der Merwe ontvang die houtlepel van Pieter Didloff.




Die tema vir die aand was boemelaars en die lede het ons verras met hul uitrustings en taferversierings. Nes boemelaars het ons kerrie en rys uit weggooi-bakke geniet en die poeding was jellie, kondensmelk en vla. Jim en Liz (stigterlede van die motorhome klub) het by ons gekuier.



Wenners van die beste taferversiering.

Ouma, wanner as die "best dressed".



VAN STADEN'S RIVER MOUTH (21 - 23 OCTOBER 2022)

Our rally took place at Van Staden's River Mouth in October 2022. 17 motorhomes attended the rally. We welcomed new members Jaco and Dorette van den Bergh to the club. The weather was a bit better this weekend. Willem Meyer attended his 100th rally and received his token. Nowell and Marsha Griffen rallied with us this weekend.




Jaco en Dorette van den Bergh ontvang hul naamplaatjies van Pieter Didloff.



Willem Meyer ontvang sy 100ste rally token van Pieter Didloff.



Nowell en Marsha het by ons gekuier.




KRANTZKLOOF (18 - 20 NOVEMBER 2022)


‘n Totaal van 17 motorhomes het die Kersfees rally bygewoon vanaf 18 – 20 November 2022. Mac en Linda het ‘n blaaskans gevat van hul oorsee se toer en kom kuier. Die weer het saamgespeel en ons het ‘n lekker naweek gehad. Wendy en die dames het gesorg vir die opmaak van die saal en die tafels en ek moet sê, dit was die beste ooit. Baie dankie aan almal vir jul harde werk. Hierdie jaar het ons besluit om ons kersgeskenke te skenk aan die Algoa Baai Aftree-oord in Port Elizabeth. Die lede het almal bygedra en ons kan geskenke gee aan 60 lede daar. Ons beplan om dit die 10de Desember af te laai en somer middagetete te verskaf. Weereens wil ek dankie sê aan my lede wat my ondersteun in hierdie projekte. Julle is awesome!!!!

Ons kersefees was ‘n reuse sukses, almal het te veel geëet en van ons kon nie eers die poeding geniet. Baie dankie aan Leon en Sonja van Krantzklouf vir die reëlings vir die naweek.



Willem Meyer vier sy 80ste verjaarsdag in Desember. Wendy oorhandig sy present aan hom.








Kennis Caravans & Motorhomes

The one-and-only motorhome experts in SA for over 40 years. Visit www.kennis.co.za to view our ever-changing selection of new and pre-owned motorhomes.

**Phone 011 664 7000 or
visit us at www.kennis.co.za**

 **MOTORHOME-WORLD**



MCSA Magazine 4th Edition 2022

WESTERN CAPE REGION

MONTAGU (16 - 18 SEPTEMBER 2022) AGM

Report by Brenda Skin



A very success full rally was held at Montagu. Being the annual A G M a new committee was voted in and is as follows. :

CHAIRPERSON: Athna De Jager TREASURER: Mare Louw SECRETARY: Sandy Brits ADDITIONAL MEMBERS: Musti Davids and Ralph Jackson

Congratulations extended to all, and we are looking forward to another year of happy camping.


The outgoing Chairman, Ralph, thanked everyone for their support during his term as Chair- man. He will be a hard act to follow but the new committee members are very competent and confident that they will have the support of the whole club.

Boulé players had a fun time. Each day the Men challenged the Ladies. **BUT** this time around the men were not up to the challenge as the Ladies won all the matches. One of the games they won 11 – 0. Very sweet revenge and no doubt will take a long time before the Ladies stop rubbing it in.


Several Rumicub games were played to the enjoyment of those who took part.


The Friday evening “get together” was well attended with some really exciting dishes on the table for sharing. Ralph J presented Mogamat and Nuru with their 175-rally token while Alan and Brenda got their veteran name badges as well as the token for 100 rallies.

Fires were lit and with music supplied by Serfie and Erika. A good evening was on the cards. A few people indicated that they were up to dance but in the end it was only Brenda and Ralph J who took to the floor as usual lol. Thanks to the musicians.



MCSA Magazine 4th Edition 2022





A raffle was organised by Ralph and Brenda. Again Brenda outdid herself by selling a lot of tickets. 1st prize, which was donated by the Caravan Park, was a 5-night stay at Montagu Caravan Park. Thanks to Karen and Antoinette for the donation of the 1st prize.

On Saturday afternoon Ralph J organized a game of Cash Bingo in the hall. Many won the smaller cash prizes but the last game with the big prize was won by Mare Louw. After that the fires were once again lit for the communal braai. Again, a pleasant evening was held by all.


The Sunday morning church service held by Alan and Serfie was most informative and certainly left some food for thought.

After the church service our new chairperson held her first “Chairmans” Tea and did a great job.

After the Chairmans tea we had our usual annual communal champagne breakfast which was sponsored by the Club. Everyone received a pre-packed meat parcel, eggs, tomato, bread, champagne and orange juice.

The raffle was also drawn and the winner of the 5-night stay was Kevin and Iris which was quite ironic as it was Kevin’s birthday.


On Monday morning the mini tour to Sutherland started with 13 motor homes attending with a stop over at Matjiesfontein for a lekker brunch. Finally on to Sutherland where a tour of the South African Large Telescope (A K A..... S.A.L.T) and a night of stargazing with Jurg Wagner were the highlights of the tour.



SUTHERLAND (MINI TOUR) (19 – 22 SEPTEMBER 2022)

Report by Ralph Jackson

On the Monday morning on the back of the Montagu AGM rally our W Cape Region motorhomes left for Sutherland with a stop at Matjiesfontein for a brunch. It was sure impressive to see all the motorhomes parked along the front of the Lord Milner Hotel. With brunch over we all set off at our own pace to Sutherland. Our camp site was the Sterland Caravan Park which is run by Jurg Wagner. With Jurg there to welcome us we soon all settled down for a “chilled” afternoon, no pun intended, actually the weather was very nice. In the evening a communal braai was held in a very nice boma.





On Tuesday morning most of the party went on the tour to the South African Large Telescope aka (SALT). The tour was enjoyed by everyone and provided a heads up for the stargazing with Jurg on the Tuesday night. With a clear night the star gazing and information from Jurg was really fantastic. Highly recommended for anyone who has not done it.

Marthie and I took the 45km offroad trip to Oubergs pass. What a view when you get there, another highly recommended trip.


Wednesday afternoon we all got involved in a game of boulé in what I must say somewhat dusty conditions.

The Score.....Ladies won...Men lost.

Wednesday we all got together in the Boma for a huge communal breakfast. What a feast.

Wednesday evening Athna organised with a local restaurant, Blue Moon, for a sit down scrumptious meal which was enjoyed by all.

On Thursday morning we all parted in harmony after a fantastic mini tour. Thank you to everyone who made it happen.




OU SKIP (21 - 23 OCTOBER 2022) AGM

Report by Sandy Brits

The Rally at Ou Skip in Melkbosstrand commenced on Friday with 19 motorhomes attending. Being a seaside venue many motorhomers arrived early in the week. Athna and Ralph were away attending the National AGM thus Sandy and Marè were in attendance.

Friday night kicked off with a Build a Burger evening where each member could put together the Burger of their choice. The men braaied the burgers while the ever helpful team of ladies prepared the food items to build the burgers. Lourette surprised us by baking two delicious puddings which rounded the night off perfectly. The wind was howling but nobody cared!

Saterdag het die span bymekaar gekom vir boulé . Dit was groot pret. Die dames (Die Blinkbal span) was 'n spanlid te min toe het hul gou gou 'n plan gemaak en vir Serafiena Potgieter laat spanlid word. Die Bloubal span van Frans het hul uiterste probeer, maar die Blinkballe het altyd gewen.




MCSA Magazine 4th Edition 2022



Saterdag was baie gesellig met 'n gemeenskaplike braai en 'n klomp chit chat! Ons nuwe lede het saamgekuier en ons hoop hulle het dit geniet.

Sunday morning started with the Service by Ds. Dr Marius Falck whereafter the Chairmans Tea was held. The Chairman (Sandy stood in for Athna) asked Members to pray for Alan Skinner and Dave Shreeve who were both having Cardiac procedures on Monday (at time of writing they are both recovering). All in all a good rally was had by all and we look forward to seeing the Motorhome Family at the next rally!



MCSA Magazine 4th Edition 2022

DESTINATIONS FOR ROAD CARAVANS • MOTORHOMES
CAMPERVANS • TENT CAMPING • 4X4 OFFROAD TRAILERS

EXPAND YOUR HORIZONS

GallivantingSA

- your portal for all things
camping related in Southern Africa.


**Campsites • Routes • Useful Information
• Dealers & Suppliers**

Detailed information on over 500 campsites
with maps and search functions to help you plan.
NEW CAMPSITES ADDED EVERY WEEK!

Website : www.gallivantingsa.co.za
Also available as an App on Apple, Android, Huawei



GallivantingSA



MCSA Magazine 4th Edition 2022

MPUMALANGA REGION

SEEKOEIGAT (9 - 11 SEPTEMBER 2022)



Verslag deur Martie Buys



Wat meer kan 'n kampplek biet? Volvloer groen grasstaanplekke, 'n rivier (met vis), veskeidenheid voëlgeluide, moeder Kolgans met haar ses kleintjies, 'n pragtige sonsondergang, 'n lieflike volmaan wat op die water weerkaats en aangename kampgenote.

Die yweriges het al Donderdag opgedaag en solank voerplek begin maak vir die groot visvang vanaf die Vrydag. 'n Paar visse is gevang, mee gespog, foto's is geneem en weer vrygelaat om saam met die riviervlotte die waters te bevaar.

Saterdag het Sonja met 'n wakened oog 'n 1961 model dopgehou terwyl hy sy 61ste verjaarsdag met die maak van 'n heerlike beesstertpotjie saam met ons gevier het. Die prentjie was mooi afgerond met HANSIE, wat met net sy ouma se voorskoot aan, ons bedien het, lekker man, lekker!!!



MCSA Magazine 4th Edition 2022


Ons het ook afskeid geneem van Piet, Ria en Rika wat weens gesondheidsredes hul woonwa moet verkoop. Elsa, met haar nuwe liefde, Henk, gaan ook Rustenburg toe verhuis. Hul wins, maar ons verlies want sy het ons vreeslik bederf met potbrood, smulhappies en tert.

Die Sondagoggend oordenking deur Johan, was baie gepas en bemoedigend want almal is maar aan die ouer word. Die dames, het soos altyd uitgehang met die eetgoed en die meeste kon met vol magies die terugtog aanpak.

Die kamp was so aangenaam, dat 3 pare sommer nog 'n dag langer oorgebly het om die lekkerte uit te rek.

Geluk aan die ou bestuur wat weer herverkies is vir die 2023 jaar. Julle is ware staatmakers.

Ons sien uit na die volgende kamp.




KAMP OASE (LAKE UMUZI, SEKUNDA) (11 - 13 NOVEMBER 2022)

Met groot afwagting het ons Kers Rally by Lake Umuzi aangebreek en van die lede het al vroeër in die week ingeboek. Daar was 10 Motorhomers van Mpumalanga en 4 van Noordvaal.

Die Kersete was voorberei vir die Vrydagaand en was die ete uit die boonste rakke. Die Boesies restaurant wat elke jaar vir die ete sorg het hulle self weer oortref. On sekretaresse, Charmagne de Bruyn, het weer, soos in die verlede, gesorg vir die pragtigste versiering van die Lapa en tafels. En hier moet ons ook noem dat Christo de Bruyn haar man moet baie van die tefel versierings vir haar maak en daarom moet ons vir altwee hierdie lede spesiaal bedank vir alles wat hulle beteken vir Mpumalanga.

Na ete het die groot partytjie begin en het Hendrik Engelbrecht van Dismusiek sy kitaar uit gehaal en vir ons gesing en toe val almal in om te dans tot laat aand.

Saterdagoggend was almal vroeg aan die gang en het die lede geloop om by een van die vele restaurante by Lake Umuzi te gaan ontbyt. Maar toe begin die groot reën en water stroom uit die Hemel, dit skarrel soos almal skuiling gaan soek onder hulle afdakke. Ons Vader is goed vir ons want die water uit die Hemel is broodnodig veral in die gedeeltes wat gebuk gegaan het onder die droogte.






Saterdagavond kom almal weer bymekaar by die Lapa waar daar 'n groot braai area onder dak is. Hendrik spring in en verskaf weer musiek en toe partytjie almal weer van voor af. Toe maak die storm weer daar buitekant glad nie meer saak nie.



Sondagoggend met die opstaan het ons gesien dat die weer nie van plan was om op te hou nie en die manne moes in die sopnat reën en water opslaan. Daar is toe besluit om die "Chairmans Tea" af te stel aangesien almal nou net by die huis wou kom en uit die reën.

Ons wil ook die Boesies restaurant bedank dat hulle ons elke jaar met ons Kersete so tegemoet kom deur die Lapa vir ons gratis beskikbaar te maak vir die hele naweek en dan ook nog die klein ekstras waarvoor ons nie hoef te betaal nie. Ons sal defnitief weer by Lake Umuzi ons Kers Rally hou.



FREE STATE REGION

KEDU (9 – 11 SEPTEMBER 2022)



Kedu is ongeveer 30 km van Vanderbijlpark en Parys onderskeidelik. Die oord is toegerus met 10 groot staanplekke waar twee Ryhuise gemaklik kan staan. Vyf staanpleke met lekker koelte bome en netjiese skoon amblusie geriewe. Die ander vyf het feitlik geen koelte en is `n entjie van die amblusie fasiliteite. Die skottelgoed opwas plek is onvoldoende.

Daar is `n vermaaklikheids kamer, winkel en Resturant wat uitkyk oor die Vaalrivier. Daar is `n swembad vir die gaste se gebruik. Onder die bome langs die rivier is lekker kuierplek in die koelte.


Ons was 10 Ryhuise wat die naweek meegemaak saam met besoekers van Noord Vaal, Harry du Randt, Allan en Hanelie Sheldon sowel as eerste kampeerders Francois en Hanelie du Toit en Jannie en Marlene Pieterse. Van die lede het reeds van Donderdag af ge kamp, die res het Vrydag by die kampterrein aangesluit.

Vrydag aand na die verwelkoming en bekendstelling het ons `n lekker gesamentlike braai en kuier gehad. Engela, ons verjaardag maatjie, het ons verras met lekker eetgoed wat almal baie geniet het.



Saterdag oggend 09h00 het lede `n heerlike ontbyt by die Resturant geniet. Om 10h00 het ons vergader om die nuwe bestuur te kies, Bestuurslede wat uitgetree het was die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris en Tesourier.

Nuwe Bestuur is aangewys: Voorsitter Ben de Lange, Onder voorsitter Johan Oosthuizen, Sekretaresses Engela Erasmus en Tesourier Christine Oosthuizen.





Saterdag middag het Delia en Maans ons bederf met smaaklike wafels, karamelsous en roomys! Almal het lekker in die koelte gekuier en amper vergeet van die braai. Vure is aangesteek vir `n gesamentlike braai. Willie en Ben het die kele nat gehou met hulle spesiale drankies wat hulle vir ons voorgesit het.



Sondag oggend het Madelein ons boodskap gelei met die

mooiste musiek daarby. Die boodskap het gehandel oor die natuur, ons het weer opnuut besef hoe dankbaar ons is vir alles wat die Vader aan ons skenk.

Tydens die vergadering is die kamplekke en datums bespreek vir 2023.

Die emmertjie is toegeken aan Delia Mostert vir haar lekker wafels en roomys. Ons kakkerlak het omgekoms as gevolg van `n oordosis Doom en is nie meer met ons nie.



Met die Voorsitters tee het Madelein die heerlikste sjokolade koek voorgesit, wat almal baie geniet het en die resepte is gevra! Van al die eetgoed wat die dames voorgesit het, het maar min oorgebly.


Nadat ons vergadering verdaag het het Jannie Pieterse vir ons `n demonstrasie gegee van die meganisme wat hy ontwikkel vir die



vryloop koppeling en ontkoppeling van die Jimny agterwiele met die rat-kas. Asook die, maklike eenman aanhak, van die A-raam wat hy gemaak het.



Daarna het almal gegroet en verdaag om huiswaarts te keer.



MCSA Magazine 4th Edition 2022

RIETSPRUITDAM (14 – 16 OCTOBER 2022)


Verslag deur Charles Barker

Ses ryhuise trek vir die naweek van 14 tot 16 Oktober saam by die Rietspruitdam Vakansieoord net buite Ventersdorp, Noord-Wes.

Te danke aan die eienaar, Karen Yssel, kry ons sewe staanplekke ietwat uit die pad van die ander naweekgangers onder `n paar groot Wilgebome.

Drie familie badkamers is tot ons beskikking en die onderdak swembad waarvan die water verhit word, is binne treë van ons staanplekke. Die oord is netjies en skoon en die ontvangs by die hek is vining en vriendelik.

The weekend starts with the usual meet and greet by the newly elected chairperson Ben de Lange and is followed by a braai. Two members have lines in the water, but the local fish are not really interested in the offered cuisine.



MCSA Magazine 4th Edition 2022



Saterdag is rustig maar die wind steek reeds op en waai sterker deur die loop van die dag. Ons braai egter nog steeds die aand en beproef Lionell en Ina se unieke manier van braaibroodjies maak (hulle ontvang dan ook Sondag die goue emmertjie hiervoor).


Sunday's devotion was led by Ben and members with previous appointments, leave after the chairman's tea. The rest of us made potjies for a late lunch. During the night it started to rain in addition to a brisk wind.

Willie arranged for a visit to Schoonspruit Distillers for Monday. We had a two hour tour through the factory

where not only Brandy, Whiskey, Tequila and various other types of Liquor are distilled and bottled but also packed in 25ml sachets known and marketed as Totpacks.

Die eienaar, Ernst Henning, deel staaltjies en feite oor die besigheid en die prosesse wat gebruik word, byvoorbeeld dat agave plante in 30 ton vragmotors van Graaf-Reinet aangery word vir die stook van Tequila. Hulle pluk ook deesdae hulle eie druive vir brandewyn en dat die Whiskey vir drie jaar in eikehout vate moet verouder voor dit gebottel kan word.

WIND, Wind en nogmaals Wind is seker wat deur baie van die lede wat hierdie saamtrek bygewoon het se geheue sal maal.




WELTEVREDE (4 – 6 NOVEMBER 2022)

Verlag deur Willie van Heusden

JAAREIND KAMP EN AFSLUITINGSFUNKSIE

Na weke se fyn beplanning en groot afwagting breek die hoogtepunt van ons kampkalender aan. Sommiges van ons kom al Donderdag aan. Vrydag ry van ons Parys toe vir 'n smaaklike ontbyt by die Deli, besoek hulle gerus vir hulle gebak (vir my was die 30cm lange koeksister die wenner), asook die verskeidenheid vleissnitte wat hulle verkoop. Hier is ook heelwat ander handige items te koop. Daar is 20 ryhuise wat byeen gekom het vir die naweek by Weltevrede, later meer oor hierdie puik oord. Drie nuwelingkamps van die Vrystaat daag ook op, nl. Ron en Tony Stevens, Jan en Petro van Zyl en Alex en Carina van Zyl. Voornemende nuwe lede Deon en Marieta Conradie kom vir die eerste keer saam kamp. Ongelukkig het 2 ryhuise a.g.v. siektes op die nippertjie gekanselleer. Ons moet ons hoed afhaal vir die 3 ryhuise van Fickburg wat gekom het (Johan en Lettie Swanepoel, Justus en Susan Nel en Ron en Tony Stevens), aangesien Fickburg afgesny is van die res van die Vrystaat a.g.v. vrek slegte paaie. Daar is net 3 toegangspaaie na Fickburg, waarvan slegs die Fouriesburg-Fickburgpad rybaar is met steeds baie slaggate wat wyd verspreid oor die pad voorkom. Hoe ry jy die pad, jy ry uiters stadig. Gereelde besoekers van Noordvaal, Hansie en Sonja, Lionel en Ina, Pine en Mieke en Allen en Hanlie kamp ook saam. Hannes en Salome de Milander, hulle was deel van die stigterslede van die Vrystaatstreek, kamp vir oulaas saam met 'n karavaan wat hulle vir hul ryhuis verruil het.



MCSA Magazine 4th Edition 2022

Die Vrydagaand kom ons bymekaar vir 'n gesamentlike bring-en-braai, die klub voorsien die vure. Ons nuwe voorsitter, Ben de Lange verwelkom ons almal. Die manne braai en die dames pak heerlike slaai uit. Na ete kuier ons tot laataand saam.


Saterdagoggend meld almal aan by die saal waar ons soos 'n geoliede masjien binne 2 ure die saal versier vir die aand se afsluitingsfunksie. Lettie en Johan is verantwoordelik vir die ingang en sit 'n bankie vir die lede se foto's reg voor 'n mooi versierde tafel met liggies en loof wat hulle al die pad van Ficksburg saamgery het. Binne-in die saal moet die manne bontstaan om die tafels en stoele reg te skuif vir die gasvrouens se tafels. Die dames hang uit met mooi versierings en elke tafel lyk besonders. Die manne hang kersliggies op en uiteindelik is die saal verander in 'n lushof vir die oog. Die kostafel wag nou net vir die maal wat Braai Boys gaan voorsit. Namiddag ontspan almal, die dames word deur Madelein gepamperlang met 'n voetbehandeling. So word ons verras deur een van die manne wat ook met sy voete in 'n bak water sit. Ek hoor Harry wou 'n potbrood bak maar sy skottel was soek.



Sewe uur breek aan en almal daag op met groot verwagting, Sonja se vingers werk oortyd met die kamera en sy neem foto's van almal. Met 'n sjerry in die hand luister ons na mooi musiek wat Hennie Storm verskaf. Die dames pas hul nuwe oorbelle aan en die manne sit en speel met hulle nuwe sleutelhouers wat Jan-nie en Mariana as geskenk vir almal gemaak het, albei het 'n ryhuis motief op. Ben verwelkom almal en 'n paar lede maak solank litte los op die dansbaan op die maat van ordentlike boere musiek. Die mense raak honger, Johan Swanepoel doen vir ons die tafelgebed. Die voorgereg, hoofgereg en nagereg is van die-selwde hoë standaard, alles voorsien in oormaat deur Braai Boys.



Die res van die aand dans die lede verder en praat die aand om.




MCSA Magazine 4th Edition 2022

Sondaggend dra Justus Nel 'n mooi geestelike boodskap oor en deel traktaatjies uit wat die strekking van sy boodskap dek. Na 'n kort breek is dit tyd vir die voorsitterstee, Ben is weer aan die woord. George en Annetjie van der Merwe ontvang hul 150st rally token en sertifikaat. Ben oorhandig 'n afskeidsgeskenk aan Hannes en Salome. Ons skep dan die res van die vorige aand se oorskiet/"leftovers" in en eet vir oulaas saam. Hierna begin die meeste lede vertrek, terwyl enkeles nog oorbly tot die volgende dag.



Weltevrede is 'n 5 ster oord, 13km vanaf Parys op die Fochvillepad. Die afdraai na die oord is 2 km goeie grondpad. Die staanplekke is onderdak en is hoog genoeg gebou vir 'n ryhuis, onthou egter dat satelietskottels wat op die dak gemonteer is nie sal werk nie. Die voorste 2 rye bestaan uit 12 staanplekke elk wat dit ideal maak vir 'n saamtrek. Die terrain is netjies met geplaveide paaie en die res van die oord is bedek met goedversorgde gras, daar is genoegsame krane met boorgatwater. Elektriese punte is gelee tussen elke twee standplase. Die ablusieblokke is netjies en ruim. Daar is ook 'n swembad vir warm somersdae. Die winkel by die ingang het basiese artikels. Vir diegene wat visvang is die oewer van die Vaalrivier ideaal




SANDSTONE CHERRY FESTIVAL (18 – 20 NOVEMBER 2022)

Verslag deur Willie van Heusden

Op Dinsdag 15 November daag die eerste 5 ryhuise by Uithoek Vakansieoord, Fouriesburg op na 'n pitstop buite Bethlehem by die Roadside Diner. Die 3x ou Citroens onder mekaar op 'n stellasië by die ingang na die Diner kan jy nie miskyk nie en is 'n aanduiding van wat binne voorlê. Stop gerus hier en geniet hul lekker etes, daar is heelwat interessante artikels te koop. Clemence en Susan sowel as Pine en Mieke het reeds vertrek toe ek en Madelein, Johan en Christine en Willie en Marietjie daar stop.


Ons vertek nadat die innerlike versterk is en dan begin die beproewing op die Fouriesbergpad op pad na Uithoek, ry maar stadig en wag jou beurt af om aan die verkeerde kant van die pad om slaggate te vermy. 30Kpu, dan 20, dan 10, stop en soms tot 50kpu vir 35km dan draai jy af na Uithoek, 3km grondpad tot by die groen oasis in die kom van die berg. Vrystaatstreek kamp nou al die derde maal hier en dit bly een van die beste oorde in die Vrystaat. Groen versorgde grasvelde/staanplekke met geplaveide paaie tussen deur en goedversorgde ablusieblok van sandsteen gebou, jy is nou in die sandsteen geboude Oos-Vrystaat met die sandsteen huisies wat teen die berghang in die laatmiddag son in goud geverf word.



MCSA Magazine 4th Edition 2022

Woensdag besoek ons Golden Gate met sy pragtige rotshange, ry na die oord se houthuise hoog teen die berg met asemrowende uitsig na Natal se kant en kyk by die aasvoëlrestaurant of daar honger besoekers is, `n dooie perd is pas afgelaai maar daar is net `n alleenloper jakkals wat wantrouerig op `n afstand die ete aanskou, hy wag seker dat die aasvoëls eers eet. Ons ry terug na Clarens en besoek die Duitse Bierlokaal waar lekker vleis en kaasborde met genoegsame bier verorber word. Hier kuier ons en vergeet van die tyd, loop net betyds om die Purple Onion met sy vele lekkernye voor toemaaktyd te besoek. Die pad van Clarens na Fouriesburg is baie beter en ons is vining terug by Uithoek om die vure aan te steek.

Donderdag wag ons dat Lionel/Ina en Hennie/Elsa opdaag, waarna ons na The Udder Place ry vir ete, 13km grondpad in Bethlehem se rigting. Hier is ook interessante sepe wat hulle maak en `n groot miniatuur motorversameling van die eienaar. Hierna ry ons terug na Fouriesburg en besoek Welgelegen Cherry Estate waar hulle `n cherry melkskommel met of sonder alkohol maak. Ons ry terug om die vure aan te steek, mens moet mos braai as jy kamp in die aand.





Vrydag ry ons Sandstone toe, Mile`s en Laetitia wag al daar, hulle het eers by Moolmanshoek op die Senekal-Rosendalpad gekuier. Garth en Gill is ook al by Sandstone, Garth werk al sedert 2002 vrywillig by Sandstone, hoofsaaklik op die trekkers. Hoe minder ons oor die pad praat, hoe beter, genoegsaam om te sê dat ons vanaf Uithoek tot by Ionia Cherry Farm bykans 2 ure aan 53km gery het. Ionia is 6km voor Sandstone geleë teen die pad. Alhoewel hulle met `n indrukwekkende nuwe gebou spog regverdig dit nie die R140pp toegangsfooie nie met geen afslag vir groepe of vir pensioenarisse nie. Die kersies is teleurstellend agv te veel reën, maar hulle verkoop steeds 1kg A-privaat voedsel-stalletjiese se kos goeie waarde vir die prys.



Vroegmiddag trek ons by Sandstone in, `n tamaai nuwe kampterrein met 100 staanplekke. Johan en Lettie wat op Ficksburg woon sluit by ons aan. Die son bak warm en ons is bekommerd dat ons gaan uitbraai omdat die bome nog baie klein is, gelukkig waai daar bykans die hele tyd `n vars koel briesie en saans is dit nogal koud, soveel so dat die dames hulself saans toewikkel in komberse as hulle buite sit. Daar moet nog baie gedoen word om die kampterrein op datum te kry.

Saterdag wei ons aan Sandstone. Hierdie 85,000 hektaar werkende plaas, die 2de grootste in die Vrystaat is indrukwekkend. Die infrastruktuur is duidelik oor baie jare opgebou en die boerdery beskik oor die grootste en modernste masjienerie om die duisende hektare te bewerk. Die massiewe silo`s staan in 2 rye om al die graan te berg. Jy besoek nie Sandstone Estate vir sy boerdery aktiwiteite nie, maar vir sy versameling trekkers, treine en weermagvoertuie. Sandstone beskik oor die langste nou-spoor stelsel in die wêreld. Tydens ons besoek was slegs 20km oop.





MCSA Magazine 4th Edition 2022



Garth is ons gids en hy is `n lopende ensiklopedie van die plek, dit sluit in die hele opset, boerdery en die versameling voertuie. Hy tel ons 09:00 op met `n outydse trekker met 2 waens waarop rye bankies is. Ons besoek sale vol ou trekkers van elke soort wat al in die land was, ek self sien vir die eerste keer `n ou Porsche trekker. Dan neem hy ons na die trein shed waar ou treine, almal werkend geberg word. Al die weermagvoertuie is uit hulle store na `n terrein geneem waar jy op/in `n verskeidenheid kan ry. Hier is ook ossewa- en donkiekarritte. Die son brand behoortlik warm en




ons gaan soek iets om te eet en drink voor almal op die trein klim vir `n rit waarna almal uitsien. Jy verlaat die stasie en as jy verby die weermagvoertuie en ossewaens ry begin hulle saam beweeg vir `n paar kilometers terwyl ou vliegtuie oor jou swiep. Daar was 5x ou vliegtuie van privaat eenaars, o.a. twee Harvards. Na al die opwinding gaan ons iets eet. 15:30 tel Garth ons weer op en ons besoek die saal met statiese masjiene, die nuwe en ou werkswinkels, `n skuur van 200x 50m waarin 4 rye spore is, smal en standard. Die skuur is vol treine en waens. Verder is daar afdakke met ou trekkers, ou trokke (Bedfords en Allison-Chalmers) en so kan ek aanhou. Besoek gerus Sandstone Estates se ope dae, dit is `n wonderlike ervaring.



Sondag na `n gepaste boodskap gebaseer op Psalm 23 deur Madelein, ry ons Ficksburg toe vir ontbyt by die Wimpy, dit is aangenaam om te eet waar die eenaar nog toesig hou. Johan en Lettie ry voor na die Ipenaneberg van waar ons oor Ficksburg en Lesotho uitkyk. Dan gaan kyk ons hoe die dam oorloop. Almal wil nou ordentlike kersiewinkel besoek en ons verkas na Constantia Padstal buite Clocolan. Hulle het heerlike vleispasteie en kersie produkte, probeer gerus hulle kersieroomys en kersie liquers. Die son trek water en ons verkas terug Sandstone toe vir `n laaste braai.

Maandagoggend is dit tyd om huistoe terug te keer, ek en ander Willie besluit om Roosendal oor te ry teen alle goeie raad in en na 2 ure en 90km stop ons in Senekal, ons is honger en uitgeput. Coca Cola moet ons bloedsuikers herstel. Later kry ons darem boodskappe van ons ander vriende wat die Fouriesburg-Clarence pad gery het. Wat kan ek sê, dit was `n wonderlike week saam met besondere vriende by baie interessante plekke.



RALLY CALENDAR - 2023

MPUMALANGA


<i>Date</i>	<i>Place</i>
16 - 18 January (Midweek)	Paul Haywards Game Lodge (Dinokeng)
5 - 12 March	ATKV Drakensville (Northern Convergence)
14 - 16 April	Bezrus
12 - 14 May	Lake View (Nelspruit)
21 - 23 July	Dirk's Place (Between Witbank & Verena)
8 - 10 September	Vygeboom (Badplaas) AGM
17 - 19 November	Lake Umuzi (Secunda)

EASTERN CAPE

<i>Date</i>	<i>Place</i>
20 - 22 January	Gamtoos Ferry Hotel Camping Grounds
17 - 19 February	TBA
15 - 19 March	Southern Convergence Rally (Grootbrak)
21 - 23 April	Van Stadensriviermond

WESTERN CAPE

<i>Date</i>	<i>Place</i>
20 - 22 January	Langebaan
17 - 19 February	Onrus
10 - 12 March	Breede Otter
16 - 19 March	Southern Convergence Rally (Grootbrak)
21 - 23 April	Laaiplek Stywelyne
19 - 21 May	Tulbagh Skougronde
9 - 11 June	Skurwekop Robertson
21 - 23 July	Imhoff
18 - 20 August	Dwarskersbos
20 - 25 August	Mini Tour
15 - 17 September	Strandskloof Gansbaai (AGM)
23 - 27 October	Ganzekraal (Mid week)
24 - 26 November	Montagu



CALENDAR CONTINUE


GARDEN ROUTE

<i>Date</i>	<i>Place</i>
19 - 22 January	Swartvlei
23 - 26 February	Stilbaai or Jongensfontein (or Hermanus Tour)
15 - 19 March	Southern Convergence (Pine Greek, Grootbrak)
20 - 23 April	Oppie-Dam, Oudtshoorn
18 - 21 May	Carmel (Victoriabaai Hoogte)
15 - 18 June	Island Laje
20 - 23 July	Lake Pleasantr
24 - 27 August	Karowater & moontlike Blommetoer
21 - 24 September	Woodbourne, Knysna
19 - 22 October	ATKV Hartenbos or Glentana
22 - 26 November	Carmel or Die Punt, Mosselbay

NORTHVAAL

<i>Date</i>	<i>Place</i>
20 - 22 January	Harties Boat Club, Hartebeespoort
17 - 19 February	De Rust, Dinokeng
3 - 5 March	Sionbergh, Heidelberg
5 - 12 March	ATKV Drakensville (Northern Convergence)
21 - 23 April	TBC
19 - 21 May	TBC
9 - 11 June	Bosveld Oases, Brits
21 - 23 July	ATKV Buffelspoort, Rustenburg
1 - 14 August	Forever Resort, Tshipise
18 - 20 August	Kokoriba, Brits
15 - 17 September	TBC
1 - 8 October	Lekkerbreek (Bowls)
20 - 22 October	Dube, Brits (AGM)
17 - 19 November	TBC
8 - 12 December	TBC

Venues can change due to availability and rates



MCSA Magazine 4th Edition 2022


CALENDAR CONTINUE

FREE STATE

<i>Date</i>	<i>Place</i>
13 - 15 January	Umfula
2 - 5 March	Drakensville
5 - 12 March	Drankensville (Northern Convergence)
21 - 23 April	Soetdoring
15 - 17 September	Maselspoort or Aldam
13 - 15 October	Rietspruit Dam
3 - 5 November	Weltevrede (Year-End)

KWAZULU NATAL

<i>Date</i>	<i>Place</i>
20 - 22 January	Rocky Bay (South Coast)
17 - 19 February	Dolphin, Ballito
5 - 12 March	Drankensville (Northern Convergence)
21 - 23 April	Mac Nicol's, Bazley Beach
19 - 21 May	Mountain Splendour, Berg
9 - 11 June	Fairhills, Margate



RESEPTTE HOEKIE

MAKLIKE VRUGTEKOEK

1 kg vrugtekoekmengsel

500 ml (2k) lemoensap


500 ml (2k) bruismeel

10 ml koeksoda

10 ml gemengde speserye

Ekstra neute en kersies (opsioneel)

1. Week vrugte oornag in lemoensap.
2. Smeer en voer 'n koekpan met waspapier uit.
3. Sif bruismeel, koeksoda en gemengde speserye saam en voeg by vrugte-en-sapmengsel.
Meng goed en gooi die beslag in die gesmeerde koekpan.
4. Bak in 'n voorverhitte oond by 130°C vir 2 ure lank.
5. Keer die koek uit en laat goed afkoel.
6. Draai toe in foelie en bedruip met brandewyn of lemoensap elke 5 dae.



From the moment you join the MCSA, you enjoy the following privileges and services

Sodra u by die MKSA aansluit, geniet u die volgende voordele en dienste

A quarterly newsletter covering topics of interest to motorhome owners, in which members may place free advertisements pertaining to motorhomes.

'n Kwartaallikse nuusbrieff wat onderwerpe van belang vir motorwoonwa-eienaars dek en waarin lede gratis kan adverteer met betrekking tot motorwoonwa-aangeleenthede.

Information on all aspects of motorhome insurance, and benefits from the special low policy rates to Club members.

Inligting op alle vlakke van motorwoonwa-versekering asook die voordele van die spesiale lae tariewe vir klublede.

Meet other motorhome owners at the many social events arranged by the Club.

Ontmoet ander motorwoonwa-eienaars by ons verskeie sosiale saamtrekke.

CLUB OBJECTIVES

- To further and protect the interests of motorhome owners.
- To encourage the development of motorhoming.
- To establish and promote exemplary code of conduct among motorhome owners.
- To hold regular rallies and meetings.
- To co-operate with similar organisations.
- To preserve the countryside and access thereto.

HOW THE CLUB OPERATES

- The Club is open to motorhome owners only.
- The Club is non-profit making and is managed by a committee elected by its members.

KLUBDOELSTELLINGS

- Om die belange van die klublede te bevorder en te beskerm.
- Om die ontwikkeling van motorwoonwa-aktiwiteite aan te moedig.
- Om 'n voorbeeldige gedragskode vir motorwoonwa-eienaars daar te stel en aan te moedig.
- Om gereeld saamtrekke en byeenkomste te hou.
- Om met soortgelyke instansies saam te werk.
- Om die omgewing te beskerm, te benut en te geniet.

DIE KLUB FUNKSIONEER SOOS VOLG

- Lidmaatskap is beperk tot motorwoonwa-eienaars.
- Die klub is 'n nie-winsgewende organisasie en word bestuur deur 'n komitee wat deur lede verkies is.

